



Verwysing: 20160920-4365
14/7/1/2
Navrae: AB Jantjies

Omsendbrief: 0037/2016
Vervaldatum: 2016:11:30

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore); Hoofonderwyskundiges; Bestuurders: Kurrikulumondersteuning; Kringbestuurders; Bestuurders: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur; Adjunk-hoofonderwyskundiges; Assesseringskoördineerders; Kurrikulumadviseurs en Hoofde van opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief dien om die deelname van kandidate aan 'n verbintenisondertekeningseremonie te kommunikeer wat die 2016 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen skryf.*

Onderwerp: Deelname aan die verbintenisondertekeningseremonie wat betrekking het op die 2016 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het in Omsendbrief E23 van 2016 versoek dat kandidate wat geregistreer is om die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen (NSS-eksamen) te skryf, 'n verbintenis onderteken waardeur hulle hulleself verbind om die gedragskode van die eksamen te gehoorsaam.
2. Die Nasionale Verbintenisondertekeningseremonie is geskeduleer om plaas te vind op 14 Oktober 2016 om 10:00 by elk van die openbare skole wat aan die 2016 NSS-eksamen deelneem. Onafhanklike skole wat die DBO NSS-eksamen skryf, word ook versoek om deel te neem aan die Verbintenisondertekeningseremonie.
3. Skole moet kopieë van die NSS-eksamenverbintenis (**Bylae A**), vir elke graad 12-kandidaat, maak.
4. Skole moet graad 12-kandidate inlig dat die ondertekening van die verbintenis vrywillig is. Geen kandidaat kan gedwing word om die verbintenis teen hulle sin te onderteken nie.

5. Op 14 Oktober 2016 of op 'n gepaste alternatiewe datum, moet 'n formele byeenkoms van alle graad 12-kandidate gereël word as deel van hulle oriëntering en voorbereiding vir die skryf van die NSS-eksamen.
6. Gedurende die prinsipaal se praatjie, moet die eksamenreëls op die agterkant van die toelatingsbrief aan kandidate voorgelees word.
7. Kandidate moet gevra word om die verbintenis hardop te lees en, nadat al die kandidate dit onderneem het, moet hulle toegelaat word om dit te onderteken.
8. Waar moontlik, moet fotokopieë van die getekende verbintenis gemaak word sodat dit as deel van elke kandidaat se rekords bewaar kan word.
9. Waar dit nie moontlik is om fotokopieë van die ondertekende verbintenis te maak nie, moet die oorspronklike verbintenis in elke NSS-kandidaat se besit bly sodat dit in dieselfde lêer bewaar kan word as hulle toelatingsbrief, wat in hulle besit moet wees vir die duur van die 2016 NSS-eksamen.
10. Daar word aanbeveel dat die ondertekening van die verbintenis ook graad 10 en 11 insluit om 'n eenvormige standaard ten opsigte van die afneem van die eksamen in die Verdere Onderwys-en-Opleidings- (VOO) band te verseker.
11. Die aangehegte NSS-eksamenverbintenis (Bylae A) kan vir graad 10 en 11 aangepas word.
12. Prinsipale word vriendelik versoek om te verseker dat die toepaslike gebruik van die verbintenisondertekeningseremonie by hulle skool plaasvind.
13. Die samewerking van die 2016 NSS-eksamenkandidate in hierdie verband sal hoog op prys gestel word.

GETEKEN: BK SCHREUDER

WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2016-09-24